

HOOFSTUK 1

PROBLEEMANALISE, PROBLEEMSTELLING EN FORMULERING VAN DOELWITTE

Formatted: Font: 16 pt

1.1 INLEIDING

Formatted: Indent: Left: 1.27 cm

Formatted: Bullets and Numbering

Reeds dekades lank toon navorsers op sportgebied belangstelling in die moontlike verband tussen persoonlikheid en sportdeelname. Potgieter (1997:29) beweer dat meer as duisend studies oor sport en persoonlikheid uitgevoer is. Ondanks hierdie oorfloed wetenskaplike evaluasies is daar steeds talle onbeantwoorde vrae oor die rol van persoonlikheid in sport.

Die studie van persoonlikheid is kompleks en gaan gepaard met vele probleme. Hoewel daar verskeie definisies van persoonlikheid is (Möller 1993:7), is daar nie ooreenstemming oor presies wat persoonlikheid is nie. Verder is daar die probleem van persoonlikheidsmeting. Die resultate van persoonlikheidstoetse bied nie finale antwoorde op die baie vrae rondom persoonlikheid nie.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Formatted: Bullets and Numbering

In hierdie afdeling sal 'n kort omskrywing van die agtergrond van die probleem verskaf word, gevolg deur die formulering van 'n navorsingsprobleem.

1.2.1 Ontleding van die probleem

Navorsers worstel reeds geruime tyd met verskillende vrae rondom sportdeelname/prestasie en persoonlikheidstrekke. Morris en Summers (1995:3) vra rondom hierdie probleem:

“Does a certain type of person play sport and another avoid physical activity, especially when it is competitive? Perhaps particular characteristics lead an individual to participate in high physical contact sports, like rugby and hockey, or those where they are part of a team, such as netball and cricket, while people with different personalities prefer to play non-contact sports, like tennis or athletics, or get involved in individual sports, such as swimming or squash? Could it be that success in sport, or in specific sports, depends on the possession of certain personal characteristics?” (Morris & Summers 1995:4)

Anshel (1990:17) het die volgende vrae gestel:

“How do they do it? How do the best, most consistent sport performers make it to the top and stay there? Is it their total commitment to excellence? An extremely high need to achieve? Is it the incentive to meet more meaningful long-term goals rather than needing the reinforcement of meeting short-term goals like most of us? How do these competitors withstand the physical stress of constant conditioning and practise and the mental stress of performing at optimal levels before thousands, sometimes millions of spectators?”

Daar is ook uit ander oogpunte navorsing gedoen rondom persoonlikheidstrekke en sportdeelname, soos blyk uit die volgende vrae:

“Wat veroorsaak dat sommige sportpersone opgewonde is oor deelname in liggaamsoriëntering en ander nie?”

“Waarom bly sommige sportpersone by met hulle oefenprogramme en ander nie?”

“Is dit nodig dat persoonlikheidstoetse gebruik moet word om sodoende sportpersone te kies vir ‘n sportsoort?”

“Kan sukses noodwendig voorspel word deur sportpersone te kies op grond van hulle persoonlikheidstrekke?” (Morris & Summers 1995:4)

Bogenoemde vrae impliseer dat daar alreeds heelwat navorsing gedoen is op die terrein van persoonlikheidstrekke en sportdeelname. Baie van die vrae het nie noodwendig antwoorde nie, maar heelwat van die vrae kan moontlik gestaaf word deur studies wat reeds gedoen is op sportpersone. Weinberg en Gould (1995:49) het byvoorbeeld gevind dat deelnemers aan spansporte meer ekstroverties en afhanklik is as nie-deelnemers. Aansluitend hierby het Potgieter (1997:34) bevind dat deelnemers neig om meer selfversekerd, kompetend en sosiaal te wees as nie-deelnemers. Bakker, Whiting en Van der Brug (1997:53) se studies van suksesvolle sportmanne en vroue sluit nou hierby aan, naamlik dat suksesvolle sportmanne en -vroue oor die volgende persoonlikheidstrekke beskik: aggressiwiteit, afrigbaarheid, toewyding, vasberadenheid, dryfkrag, verstandelike taaigheid, selfvertroue en leierskap. Ook Garland en Barry (1990:355) het gevind dat persoonlikheidstrekke soos ekstrovertiesie en emosionele stabiliteit geassosieer word met hoë vlakke van sport bedrewenheid. Op grond van Coleman (Gill 1986:31) se bevindinge is die volgende trekke by suksesvolle atlete geïdentifiseer: geestelike taaigheid (mental toughness), intelligensie, lewenslus en respek teenoor meerderes. Weinberg en Gould (1995:40) het ook bevind dat persone wat spansporte verkies, meer geneig is om angstig en ekstroverties te wees as diegene wat aan individuele sportsoorte deelneem.

Die huidige literatuurstudie het geen lig gewerp op die verband tussen persoonlikheidstrekke en krieketspelers nie, en versterk derhalwe die relevansie van die huidige ondersoek. Die blote waarneming of observasie van die spel krieket laat ‘n mens wonder of, eerstens, krieketspelers oor die algemeen oor persoonlikheidstrekke beskik wat sterker figureer as ander en

of die dominante persoonlikheidstrekke van boulders byvoorbeeld verskil van diè van kolwers en paaltjiewagters en ook, verskil kolwers se dominante persoonlikheidstrekke van diè van boulders en paaltjiewagters en is daar moontlik 'n betekenisvolle verskil tussen die dominante persoonlikheidstrekke van paaltjiewagters en die ander twee groepe?

'n Mens dink onwillekeurig aan byvoorbeeld die aggressie van snelboulders, die eindelose geduld en konsentrasievermoë van uitstaande kolwers en die bekende "bekkigheid" van paaltjiewagters wat elke nuwe kolwer probeer intimideer en uit die spel uitpraat met opmerkings en aanmerkings. Sou dit in die praktyk moontlik wees dat boulders betekenisvol meer aggressief is as kolwers en paaltjiewagters, of dat paaltjiewagters betekenisvol meer ekstroverties is as boulders en kolwers?

1.2.2 Formulering van die probleem

Na aanleiding van die voorafgaande bespreking word die volgende navorsingsvraag gestel: Watter persoonlikheidstrekke figureer die sterkste by krieketspelers?

1.3 DOELWITTE

Die primêre doelwit van hierdie ondersoek is om:

- Vas te stel of daar 'n verband is tussen persoonlikheidstrekke en sportdeelname.
- Vas te stel of daar 'n verband is tussen persoonlikheidstrekke en krieketspelers.

Die sekondêre of spesifieke doelstellings van hierdie ondersoek is om vas te stel:

- Watter persoonlikheidstrekke die sterkste by krieketspelers figureer.
- Of daar betekenisvolle verskille is tussen die persoonlikheidstrekke van krieketspelers ten opsigte van speelvlakke, speelposisies en ouderdom.

1.4 NAVORSINGSMETODE

Die navorsingsmetode bestaan uit 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek wat onderneem word ingevolge 'n gekombineerde navorsingsmetode, naamlik 'n kwantitatiewe-kwalitatiewe navorsingsmetode. Die literatuurstudie het hoofsaaklik ten doel om vas te stel wat die verband is tussen persoonlikheid en sportdeelname.

Die empiriese ondersoek het ten doel om vas te stel watter persoonlikheidstrekke die sterkste by krieketspelers figureer en of krieketspelers betekenisvol verskil in persoonlikheid ten opsigte van ouderdom, speelvlakke en speelposisies. (LW: Die kwantitatiewe-kwalitatiewe navorsingsmetode word in hoofstuk 3 volledig bespreek.)

1.5 AFBAKENING VAN DIE NAVORSING

Die steekproef in hierdie studie gaan bestaan uit krieketspelers wat in die eerste of tweede span speel of op klubvlak deelneem aan krieket. Krieket spelers sal hoofsaaklik uit hoërskole en krieket klubs van die Ekurhuleni distrik betrek word. Tyd en finansies verhinder dat 'n breër studie onderneem word. Daar word veronderstel dat eerste-, tweede en klubvlak spelers belangstel in die sport en ernstig is daarvoor. Verder word veronderstel dat hulle, as hulle reeds in die tweede, eerste of klub-krieketspan speel, hulle dit vrywillig doen.

Daar word aangeneem dat leerders wat in sport uitblink en in die eerste of tweedespan van 'n skool speel, ook moontlik sal voortgaan met daardie spesifieke sportsoort, veral as die leerder oor die nodige ondersteuningsisteme en persoonlikheidstrekke beskik. Die keuse van verdere sportloopbane begin ook gewoonlik op hierdie stadium. Leerders in jonger grade, veral in die laerskool, het dikwels nog nie 'n spesifieke voorkeur of afkeur ten opsigte van sportsoorte nie.

Formatted: Indent: Left: 0.63 cm

Formatted: Bullets and Numbering

Formatted: Font: 14 pt, Not Bold

Formatted: Font: 12.5 pt, No underline

1.6 BEGRIPSVERKLARING

‘n Paar kernbegrippe word hier kortliks omskryf. Dit sal in hoofstuk twee meer volledig bespreek word.

- **Persoonlikheid:** Wann (1997:58) verwys na persoonlikheid as *“The pattern of characteristic thoughts, feelings and behaviours that distinguishes one person from another and that persists over time and situations”*. Persoonlikheid onderskei dus een persoon van die ander en is konsekwent in verskillende situasies. Nog ‘n definisie wat nou hierby aansluit is dié van Cox (2002:173), naamlik: *“Personality is all the consistent ways in which the behaviour of one person differs from that of others, especially in social situations”*. Die klem is dus hier op die verskille tussen mense en die konsekwentheid van die invloed wat persoonlikheid het op ‘n mens se gedrag in verskillende situasies.
- **Persoon:** Die woord “persoon” is afgelei van die Griekse woord “persona” wat verwys na die masker wat deur akteurs gedra is. Volgens Walsh (2004:1) verwys persoon na die “masker” wat mense voorhou in interaksie met ander, ‘n rol wat iemand speel, of ‘n versameling persoonlike eienskappe wat iemand bekwaam maak vir ‘n rol wat hy/sy moet vervul. Volgens Louw en Edwards (1997:545) verwys die term “persoon” na...” *an individual human being who can act independently*”. Hierdie verwysing na ‘n individu hou waarskynlik verband met afsonderlikheid en individualiteit, anders gestel, die onafhanklike unieke entiteit van die persoon.
- **Persoonlikheidstrekke:** Cratty (1989:53) verwys na persoonlikheids-trekke as *“Characteristics of an individual, reflected in how they answer questions about their feelings, attitudes and behaviour and how these answers group together in factor analysis. Personality traits are believed to be evidence of consistencies in the way people behave in a variety of situations”*. Volgens Buchanan (1998:1) is persoonlikheidstrekke *“more or*

less stable internal factors that make one person's behaviour consistent from one time to another and different from the behaviour other people would manifest in comparable situations". Elke persoon is dus uniek en openbaar stabiele persoonlikheidstrekke wat verskil van ander persone.

- **Temperament:** Volgens Louw en Edwards (1997:544-545) verwys temperament na iemand se emosies en die wyse waarop hy/sy daaraan uiting gee. Hierdie definisie sluit ook aan by dié van Cardwell (1996:233), te wete, *"Part of a person's general nature is characterised by their tendency toward particular types of emotional reactions or moods. It is generally acknowledged that temperament has a strong genetic influence because of its similarities within families, and individual differences shown by new-born babies in their reaction to a range of different stimuli"*. Temperament kan dus ook as 'n persoon se disponering beskou word.
- **Karakter:** Leedom (1999-2001) verwys na karakter as...*"The peculiar quality, or sum of qualities, by which a person or a thing is distinguished from others; the stamp impressed by nature, education, or habit; that which a person or thing really is, nature disposition"*. In hierdie verband beskou Leedom (1999-2001), karakter as *"the inherent complex of attributes that determine a person's moral and ethical reactions."* Karakter kan dus as negatief of positief beskou word. Daarom praat mense dikwels van 'n "sterk karakter" of "swak karakter". Volgens Leedom (1999-2001) is karaktertrekke aangeleer en dus veranderbaar.
- **Persoonlikheidsteorieë:** Meyer, Moore en Viljoen (1995:5) verwys na persoonlikheidsteorieë as: *"The result of a purposeful and sustained effort to develop a logically consistent, conceptual system for the description, explanation and/or prediction of human behaviour"*.

Formatted: Font: 12.5 pt

Formatted: Font: 12.5 pt

1.7 NAVORSINGSPROGRAM

Hoofstuk 1 handel hoofsaaklik oor die ontleding en formulering van die probleem, die stel van primêre en sekondêre doelwitte en 'n kortlikse toeligting van die navorsingsmetode. Enkele begrippe is kortliks verklaar.

In hoofstuk 2 word 'n teoretiese begroning van die begrip persoonlikheid en verwante terme bespreek. Persoonlikheid word in breë trekke bespreek deur te verwys na die sielkundige teorieë en hul beskouing van persoonlikheid en verwante konsepte. Verskillende aspekte van persoonlikheid word ook onderskei, naamlik persoon, persoonlikheidstrekke, temperament en karakter en 'n kort beskrywing word van elke term gegee. Laastens word ook gekyk na die verband tussen persoonlikheidstrekke en sportdeelname. Dit word toegelig met voorbeelde uit die literatuur.

In hoofstuk 3 word die navorsingsproses in besonderhede bespreek. 'n Kwalitatiewe-kwantitatiewe navorsingsbenadering word gebruik en die navorsingsmetode, data-insameling en data-analise word ook bespreek. Aspekte soos geldigheid, betroubaarheid en etiese oorwegings word ook aangeraak en kortliks bespreek.

Die fokus in hoofstuk 4 val op die empiriese studie. Hierdie hoofstuk reflekteer die data wat ingesamel is en bied 'n bespreking van die verwerking daarvan.

Hoofstuk 5 bestaan uit die samevatting, finale gevolgtrekkings, tekortkominge en aanbevelings.